SHEMA

So het ons in Namibië begin om te luister ...

Jan Woest

Vanaf Februarie 1999 het daar op 'n versigtige manier 'n proses van luister in die sinodale gebied van Namibië begin posvat. Die destydse Sinodale Kommissie (SK) het probeer om antwoorde te vind vir die toenemende bedieningsnood in klein plattelandse gemeentes.

Terwyl hulle hieroor gebid het en in gesprek was, het hulle onder die genadige leiding van die Gees van Christus op 'n manier tot die besef gekom dat die totale kerkverband regtig sal moet begin vra en probeer om grondig te verstaan wat besig is om met ons te gebeur op veral vyf terreine van die kerk se lewe. Hierdie terreine is naamlik identiteit, spiritualiteit, leierskap, oorhoofse funksionering en bedieningspraktyke in gemeentes.

Ten spyte van die amper oorweldigende grootheid van ons mooi land het die SK 'n span van 7 lede aangewys om op afspraak in Clem Marais se kombi te klim en noord en suid te ry om saamtrekke van die leraars in die bediening te hou. Tydens hierdie byeenkomste is probeer om voor die aangesig van die Here God na mekaar te luister rondom hierdie vyf sake.

Die totale kerkverband het regtig begin vra en probeer om grondig te verstaan wat besig is om met ons te gebeur op veral vyf terreine van die kerk se lewe. Hierdie terreine is naamlik identiteit, spiritualiteit, leierskap, oorhoofse funksionering en bedieningspraktyke in gemeentes.

Dit was veral vir ons belangrik om na mekaar en na elkeen te luister oor hoe hulle hulself en mekaar ken en beleef op elkeen van hierdie terreine en wat dit vir die gemeentes van Christus tot gevolg het. 'n Hulpmiddel wat nogal baie gehelp het hiermee was die benutting van John en Adrienne Carr se instrument waarmee elke persoon genooi word om sy of haar lewenstorie se hoofstukke aan te stip en dit dan vir mekaar oor te vertel asof hulle besig is om 'n boek vir publikasie voor te berei.

Die pynlike ervarings, hartseer en negatiewe verhoudings wat tydens hierdie rondte na vore gekom het, het aanleiding gegee tot 'n volgehoue gewoonte van ses-maandelikse predikante-konferensies waartydens al die leraars saamkom en nog steeds met mekaar praat en na mekaar luister.

Tydens hierdie konferensies is aanvanklik veral gekonsentreer op die herstel en opbou van gesonde interpersoonlike verhoudings tussen die kollegas. Van die derde jaar af het hierdie fokus op verhoudinge begin om positiewe vrug te dra. Saam met hierdie proses van luister na mekaar onder die kollegas, is 'n baie uitgebreide twee dag lange kerkraadskonferensie in Oktober 1999 voor die aanvang die sinodesitting gereël. Die vyf terreine is ook op gefasiliteerde wyse met hierdie konferensie aan die orde gestel en daar is na die kerkraadslede geluister oor hulle belewenisse daarvan en perspektiewe daaromtrent.

Tydens hierdie sinodesitting is ook al die reaksies en ervarings wat tydens die predikantebyeenkomste gehoor is op 'n sogenaamde "klaagmuur" aangebring vir almal om na te "luister." Al die insette en gegewens wat met die kerkraadskonferensie verkry is, is saam met die predikantereaksies verwerk. Die taakspan van die

SK het toe begin om landswyd gemeentegesprekke te gaan begelei om na die deursnee lidmate se belewenis van die kerk te luister.

Na afloop van hierdie wye reeks van gesprekke

en luistergeleenthede het die taakspan al hulle gewaarwordinge en begrip probeer saamvat en verwoord in 'n dokument wat hulle onder die titel "Shema" aan die Namibiese sinode van 2001 voorgelê het. In hierdie dokument is die hoor en verstaan van die huidige tendense rondom identiteit, spiritualiteit, leierskap, oorhoofse funksionering en bedieningspraktyke in die kerk soos wat daarna geluister is in al hierdie rondtes van persoonlike en groepsgesprekke aangebied binne die bakens van sentrale Bybelse metafore en op die grondslag van 'n konsep gereformeerde identiteitsbegrip. Ook is die spesifieke uitdagings wat hanteer en aangespreek behoort te word rondom hierdie terreine uitgewys.

Die antwoord van die sinode op dit wat hulle gehoor het in die inhoud en gegewens van "Shema", was om die gefokusde Renovaré proses van stapel te laat loop. Renovaré, as 'n program wat vanaf 2003 begelei word vir 'n vier jaar termyn deur 'n voltydse koördineerder, is 'n steeds ontwikkelende poging om die gemeentes in Namibië en hulle leiers te help om steeds op 'n nuwe manier binne die raamwerk van die genoemde vyf terreine na God en mekaar te luister en saam met God en mekaar te leef en te werk ter wille van die koms van die Koninkryk in ons wonderlike land.

Ons het nog glad nie eers amper klaar geluister of voldoende gehoor nie, maar deur die genade van die lewende Here is ons tog al op 'n manier besig om 'n klompie proppe uit die ore te kry en te verstaan waaroor verantwoordelike kerkwees in hierdie dae behoort te gaan. Ons bid en vertrou dat die Here ons steeds daarin sal help en genadig te wees.

Renovaré

Hoe wil Renovaré die gemeentes help?

Die program wil...

- 'n wye verskeidenheid kursusse, werkswinkels en konferensies in die loop van 2002-2004 aanbied wat dinamiese gemeenteleiers ontwikkel, gelowiges inspireer en gemeentes motiveer tot nuwe lewe;
- hulp bied vir gemeentes wat in een of ander situasie van vasgelooptheid verkeer, deur persone beskikbaar te stel wat prosesse kan fasiliteer en begelei;
- die predikante en gemeenteleiers geestelik en emosioneel versorg en 'n bydrae lewer tot hulle volwassenheid;
- die oorhoofse sinodale strukture in lyn bring met 'n meer ondersteunende en funksionele vorm van bediening.

Wat Renovaré is (en nie is nie)

Om gemeentes te help om op 'n nuwe manier saam met God en mekaar te leef en te werk, is dit belangrik om in gedagte te hou dat:

- dit die plaaslike gemeente in fokus het. Die program wil gemeentes help om méér van hulle potensiaal te ontdek en daaruit te leef. Dit is nie 'n reddingspoging van enige kerkstruktuur of amp nie.
- omstandighede en uitdagings van gemeente tot gemeente verskil. Dit spreek vanself dat sommige gemeentes onmiddellik baat sal vind by die programme. Ander gemeentes mag oordeel dat hulle onmiddellike behoefte nie soveel aangespreek is nie. In die verloop van die proses behoort daar egter 'n netwerk te onstaan waar gemeentes mekaar kan ondersteun en verryk.
- dit nie oplossings wil voorskryf nie, maar help soek en ondersteun. Die program neem nooit die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente oor nie. Elke gemeente soek uniek na die wil van God vir hulle situasie. Die verskillende aktiwiteite wil slegs die gemeente ondersteun in hierdie soek en aanvaarding van God se wil.
- die gawes, ervaring en kennis in die gemeentes identifiseer, benut en uitgebou moet word. Omrede die Gees aan elke gemeente al die gawes gegee het wat nodig is, wil die program gelowiges instaat stel om hulle gawes te herken en in te span tot opbou van die gemeente. Die meeste kursusse word so gekies dat die aanbieding en inhoud van so 'n aard is dat die deelnemers na afloop van 'n bepaalde kursus dit in hulle tuisgemeentes self kan aanbied.
- voortdurend die aktiwiteite evalueer en aanpas na gelang van die uitdagings. Geen een van die aktiwiteite word verabsoluteer nie. Sodra dit blyk dat 'n bepaalde strategie nie geslaagd is nie, behoort aanpassings gemaak te word.